

6

GOD SE LIEFDE

Verskillende vorme van liefde

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle liefde op alle vlakke van hul lewens moet uitlewe.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders –

- moet weet dat die Bybel van verskillende vorme van liefde praat.
- moet insien hoe hul lewens deur liefde geraak word.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om liefde op alle vlakke van hul lewe uit te leef.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om iewers waar liefde normaalweg nie ter sprake is nie, liefde te gaan bewys.

MEER INLIGTING (1 Johannes 4: 7-12)

Daar is verskillende soorte liefde.

Agape-liefde

Wanneer 'n Christen dink en praat oor liefde, moet ons altyd by God begin en dit wat God vir die mens doen en gee. Dink maar aan die bekende gedeelte in Johannes 3: 16: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.* Die vergewing van my sondes beteken dat ek in 'n nuwe verhouding met God staan. Hierdie nuwe verhouding met God bring ook nuwe verhoudings met mense rondom my. Omdat God my liefhet en my sonde vergewe, moet ek ook ander mense vergewe en in liefde met hulle saamleef. Ons kan maar sê dat die “wet”

van God se koninkryk “liefde” is. Die Griekse woord wat verwys na die liefde van God en die onvoorwaardelike liefde wat ons vir mekaar behoort te hê, is *agape*. Dit word gebruik om te verwys na die wese of aard van God, want God is liefde. *Agape*-liefde kan geken word aan die daad wat daaruit voortvloei.

Agape-liefde is nie iets wat ontstaan uit emosie nie, maar is eerder die uitvoer van ’n doelbewuste optrede as ’n noodwendige gevolg: *Jy kan nie anders as om lief te hê nie*. God se liefde waarin Hy Jesus laat sterf het, is nie ’n gevoel wat Hy gehad nie, maar ’n doelbewuste optrede tot voordeel van sondears. Wanneer Jesus ons leer om ons vyande lief te hê, bedoel Hy nie daarmee dat ons ’n aangename emosie teenoor hulle moet ervaar nie, maar dat ons nie ongevoelig of wreed teenoor hulle sal optree nie. Ek hoef nie van iemand te hou nie, maar ek mag hom ook nie in ’n noodgeval aan sy eie lot oorlaat nie.

Die manier waarop ons God liefhet, is deur sy opdragte uit te voer. Jesus het in Johannes 14: 21 gesê: *Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar*. En in 1 Johannes 4: 20-21 staan: *As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê*. Hierdie soort liefde is dié belangrikste kenmerk van ’n Christelike lewe.

Liefde dra ook die element van getrou wees. Om God lief te hê, beteken dat ek aan Hom getrou sal wees en bly. Ons worstel gewoonlik met die vraag oor wie my naaste is. Jesus verduidelik met die gelykenis van die barmhartige Samaritaan dat my naaste enigiemand is wat in nood verkeer. Liefde soos Jesus dit aan ons leer, is altyd selfopofferend, onvoorwaardelik en vra soms van my om te ly, om selfs swaar te kry sodat iemand in nood gehelp kan word. Hierdie soort liefde is ’n liefde wat ons moet uitleef nie net binne ons gesins- of familieverband nie, maar teenoor alle mense.

Broederlike liefde (*Filia*)

In Afrikaans beteken die woord *liefde* meer as wat die Bybel daarmee bedoel. Ons gebruik die woord *liefde* of *liefhê* om te sê dat ons lief vir flik of dans is, of ons is lief vir ’n sekere soort motor, en dit maak die betekenis van die Afrikaanse uitdrukking *om lief te hê* baie wyd. Broederlike liefde is iets anders as *om te hou van*. Broederliefde is die soort liefde wat wys op ’n spesiale band waarin twee mense ’n spesiale belang met mekaar deel. Broederlike liefde dra ’n element van vriendskap tussen twee persone. Die verhouding tussen Dawid en Jonatan in 1 Samuel 18: 1-4 is ’n goeie voorbeeld van broederliefde.

In Romeine 12: 9 sê Paulus dat liefde (*agape*) opreg moet wees. Hy verduidelik dan dat uit hierdie *agape*-liefde broederliefde sal vloei. Romeine 12: 10 sê: *Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld*. En in 1 Tessalonisense 4: 9 staan: *Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê*. Dit wys vir ons dat broederliefde iets is wat voortvloei uit die liefde wat God vir ons het.

Liefde as aangetrokkenheid tot of geheg wees aan ’n ander

’n Ander voorbeeld van liefde word ook in Romeine 12: 10 aangedui. Dit wys op ’n hartlikheid of goedhartigheid wat mense teenoor mekaar moet ervaar. Dit is liefde wat ouers en kinders

vir mekaar voel. 1 Tessalonisense 2: 7-8 sê: *Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry.* Dit is dieselfde emosie wat Rut by haar skoonma Naomi laat bly het en haar saam met haar skoonma na 'n vreemde land laat gaan het. Dit is ook dieselfde gevoel wat Boas vir Rut gehad het toe hy as haar versorger (losser) opgetree het.

Eros-liefde (liefde as erotiese ervaring)

Die Nuwe Testament gebruik nie die Griekse woord *eros* nie en tog is dit 'n belangrike liefde wat ook deel van ons Christelike liefde is. In die boek Hooglied van Salomo vind ons die beskrywing van hierdie *eros*-liefde wat 'n man en 'n vrou teenoor mekaar ervaar. Jakob se besondere gevoel van liefde wat hy teenoor Ragel ervaar het, is 'n voorbeeld van *eros*-liefde. Hy het so sterk oor haar skoonheid gevoel dat hy bereid was om sewe jaar vir haar te werk en moes uiteindelik 14 jaar vir haar werk. Hy het dit gedoen asof dit net 'n paar dae was, want hy het haar liefgehad.

Eros-liefde is ook 'n liefde wat God vir ons moontlik maak. Die feit dat die Bybel van hierdie soort liefde vertel, beteken nie dat dit goedkeuring vir mense is om losbandig te leef nie. God se bedoeling met *eros*-liefde is dat dit 'n vervulling van liefde in 'n baie hegte verhouding tussen 'n man en 'n vrou moet wees. Paulus het *eros*-liefde in gedagte gehad toe hy in 1 Korintiërs 7 sy uitsprake oor die huwelik gemaak het. Hierin wys hy duidelik dat *eros*-liefde binne die huwelik tuishoort.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Nooi van die kerkraadslede en gemeenteslede uit om die rolspel by te woon.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 552: 1, 2 en 4 as gebed.

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde
het ons al's van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die lewe rondom my –
al die blomme en die diere
het hul prag van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie
dat ek soveel van U kry,
maar die grootste is u liefde
wat ook in my hart kom bly.
Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons gaan vandag iets leer van die verskillende vorme van liefde waarvan ons in die Bybel lees.

IETS INTERESSANT

Maak 'n bondige opsomming van IETS BELANGRIK om die betekenis van verskillende vorme van liefde toe te lig.

IETS BELANGRIK

Lees 1 Johannes 4: 7-12 en skerp dan die volgende in:

- Vir 'n Christen begin liefde altyd by God – God versorg en vergewe ons omdat Hy ons liefhet.
- Omdat God ons vergewe, kom daar 'n nuwe verhouding tussen Hom en ons tot stand.
- Hierdie nuwe verhouding met God bring ook 'n nuwe verhouding met mense rondom my.
- Omdat God my liefhet en my vergewe het, moet ek ook ander mense vergewe en liefhê.
- Ons kan maar sê dat die “wet” van God se koninkryk “liefde” is.
- Liefde is nie iets wat uit 'n gevoel ontstaan nie, dit is eerder 'n opdrag.
- Al hou ons nie van ons vyande nie, moet ons hulle liefhê.
- Ons mag nie ongevoelig of wreed teenoor hulle optree nie.
- Ek hoef nie van iemand te hou nie, maar ek mag hom ook nie in 'n noodgeval aan sy eie lot oorlaat nie.
- Die manier waarop ons God liefhet, is deur sy opdragte na te kom.
- Liefde is dié belangrikste kenmerk van 'n Christelike lewe.
- Liefde vra soms van my om op te offer, om swaar te kry wanneer ek iemand in nood moet help.
- Daar is verskillende soorte liefde:
 - Ware liefde is God se onvoorwaardelike liefde vir ons.
 - Broederlike liefde is die soort liefde wat dui op 'n spesiale band tussen twee mense.
 - Liefde is soms ook goedhartigheid en omgee.
 - Nog 'n vorm van liefde is die liefde wat 'n man en 'n vrou vir mekaar het.

IETS OM TE DOEN

- Verdeel die kinders in groepe met kinders uit elke graad in elke groep.
- Elke groep skryf 'n kort opvoering en voer dit op as 'n rollespel waarin 'n vorm van liefde prakties en met 'n boodskap aan mekaar uitgebeeld word.
- Nooi van die kerkraadslede en gemeenteslede uit om hierdie rollespel by te woon.

Die volgende elemente van liefde vorm die basis van die rollespel wat geskryf en opgevoer moet word. Laat die kinders een van hierdie temas kies:

- Vergifnis en versoening.

- Broederlike liefde.
- Liefde tussen ouers en kinders.
- Hulpverlening aan 'n vreemdeling en 'n vyand.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders vir die mense tuis gaan vertel wat hulle vandag oor liefde geleer het.

LEER

Laat die kinders die volgende gedeelte uit 1 Johannes 4: 20-21 memoriseer: *As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar... Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.